# HOOFSTUK 5

# HOOP TEEN ALLE HOOP

## 5.1 Inleiding

Die pastorant daag dikwels by die pastor op met 'n probleemdeurdrenkte lewensstorie wat gevul is met nood, sodat hy of sy reeds deel geword het van daardie probleem (kyk White 1989:5). Die pastorant en die probleem word dikwels só een met mekaar, dat die pastorant sy of haar verlies terselfdertyd as 'n verlies aan 'n eie menswees belewe. Christengelowiges wat van hulle hooploosheid bevry is, sou instaat kon wees om God te ver-beeld met behulp van 'n narratiewe verrykingsperspektief, ten einde mense te wees en te word, wat die teenwoordigheid van Jesus Christus as werklike hoop belewe.

"We need to live differently ... and to live differently, we need to think differently – especially about ourselves and who we are in the scheme of things. And by 'think differently' I do not mean our conscious, 'for publication' thoughts about ourselves, but the largely unconscious picture of who we are that is the silent partner in all our behavior and decisions" (McFague 2001:xi). Om hoop eksistensieel te belewe, is om sinvol te leef, téén alle hoop in (Rom 4:18). Om te hoop, is om *ten spyte van* en *midde-in* die verlies, te fokus op meer as die verlies wat gely is.

## 5.2 Hoop, belofte en vervulling

Daar kan in die pastoraat alleen met Godsbeelde gewerk word, as die pastor bedag is op sekere toepaslike en ook ontoepaslike Godsbeelde (kyk Louw 1997:392). Dit gaan daarom dat die kwalitatiewe waarde van Godsbeelde altyd ten doel sal hê dat die hoop wat die teenwoordigheid van Jesus Christus vir die pastorant meebring, ver-beeld word in sy of haar rousmart. Met die hoop wat Jesus Christus midde-in rou bring, behoort elke Godsbeeld ge-evalueer en

kwalitatief beoordeel te word. Geen mens het 'n korrekte of akkurate begrip van God het nie. Alle Godsbeelde is subjektief, aangesien menslike ver-beeld-ing nie bevry kan word van ontoereikendheid en onvolledigheid nie. Die pastor behoort derhalwe bedag daarop te wees, ten einde die pastorant te begelei om eensydige Godsbeelde te korrigeer.

Jesus Christus se radikaal immanente genade beteken dat elke gelowige ver-beeld-end met vergiffenis, barmhartigheid, welwillendheid, 'n uitweg uit die moeilikheid, 'n gelukkige beskikking en met HOOP kan omgaan. Derhalwe is hoop iets wat die pastorant binne alle omstandighede, ook in rousmart, mag belewe. Die genade van Jesus Christus word ver-beeld eintlike gebeure in die hier-en nou van mense se pynlike verlies. Die hoop van Jesus Christus "is not a pie in the sky, when you die". Dit laat mense bid en lofgesange sing tot eer van God, selfs al sou dit lynreg teen alle omstandighede ingaan (Hand 16:25). Dit is in die lig van die hoop wat Jesus Christus se teenwoordigheid meebring, dat Paulus vir die geloofsgemeenskap in Tessalonika kon motiveer met die woorde: "Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie" (1 Tess 4:13). Hoop lê gewortel in die genade en almag van God in Jesus Christus se kruis, opstanding en tweede koms. Die basis van hoop word altyd begrond in die eskatologie wat reeds deur die teenwoordigheid van Jesus Christus aan die gebeur is (kyk Zurheide 1997:52). Jesus Christus se oorwinning, die opstanding uit en oorwinning oor lyding en rou, word derhalwe vir mense 'n brug wat die verlede en die huidige aan God se nuwe en toekomstige verbind. Natuurlik is hierdie eskatologie in Jesus Christus 'n alreeds-maar-nog-nie-volledige gebeure.

Rousmart en die ver-beeld-ing van God se genade in rousmart is 'n proses wat rekening behoort te hou met die feit dat rou aan die eenkant altyd die komponent van die ou lewe dra, soos uitgebeeld in die lyding en sterwe van Jesus Christus, wat afgesluit en afgehandel word in Jesus se begrafnis. Aan die ander kant is daar die opstanding, *die-opstaan-uit* dít wat vernietigend en degenererend meegewerk het, tot 'n nuwe lewe en nuwe hoop, ver-beeld in Jesus Christus se

eie opstanding. So word die pastor vir die pastorant die spreekwoordelike " ... bridge over troubled waters" (Oates 1997:87). Daarom getuig hy of sy daarvan.

Elke metafoor is God se liefde wat uitge-beeld en ver-beeld word in Jesus Christus se radikale immanensie. Die nuwe mens in Jesus Christus word representatief die draer en uit-beeld-er van hierdie liefde. God se liefde verteenwoordig 'n nuwe begin. Toegespits op rousmart beleef die pastor en pastorant dat die oue en die nuwe, die wanhoop en die hoop, die alreeds en die nog nie, die immanente en die transendente, gelyktydig werksaam is. In Jesus Christus se sterwe is daar lewe en oorwinning; in wanhoop, is daar hoop. Dit is God se belofte: Immanuel, die teenwoordige en gerealiseerde hoop, Jesus Christus, is pneumaties ook in rousmart teenwoordig.

Hoop het te doen met die wyse waarop mense in die gang van hulle daaglikse lewe 'n sinvolle toekoms verwag. Vir die Christengelowige word hoop verstaan as 'n daaglikse lewe saam met, in die teenwoordigheid van en voor God. Dit is 'n soeke om die teenwoordigheid en nabyheid van die liefdevolle God binne praktiese lewensomstandighede te ervaar. Hier voeg Louw (1997b:11) by dat dit ook 'n soeke is " ... na die sin van die Christelike geloof binne kontekstuele en eksistensiële lewensvraagstukke". Hoop midde-in hooploosheid is 'n vraag na mense se werklike *identiteit*. Dit is 'n vraag na wie hulle is en wat die sin van die lewe vir hulle is.

Naas mense se soeke na identiteit, is daar ook die soeke na *intimiteit*. Dit is die behoefte om onvoorwaardelik aanvaar te word vir wie hulle is, ondanks die situasie van hooploosheid waarbinne hulle hulleself mag bevind. So gesien raak geloof en hoop in die drie-enige God 'n praktiese, deurleefde en ver-beeld-ende lewensstyl, wat met die term *spiritualiteit* vertaal kan word. Spiritualiteit het te doen met die wyse waarop mense voor die aangesig van God lewe en die emansipatoriese wyse waarop hulle hulle geloof in God as hoopvolle lewenswyse uitdruk. Spiritualiteit impliseer 'n stuk geloofsgehoorsaamheid

teenoor God, wat mense laat bely: " ... toe ek in die nood was, het U my bevry" (Ps 4:2).

'n Lewensstyl, waarin die pastorant God hoopvol in sy of haar lewe ver-beeld, plaas die klem op die kwaliteit van menswees. Dit is 'n lewensstyl waardeur die ver-beeld-e teenwoordigheid van God 'n bydrae kan maak tot die sin van die menslike bestaan. 'n Lewe *coram Deo* is 'n lewe waarin Christengelowiges bevry word tot geloof in aksie. Die implikasies daarvan vir die rouproses is dat mense in 'n tyd van verlies getroos kan word deur die teenwoordigheid van God. Dit is 'n troos wat een mens nie aan 'n ander kan bied nie.

Dreyer (1998:292) waarsku dat spiritualiteit tot mislukking gedoem kan wees " ... wanneer mense self, of sy [haar] tegnieke, die bron daarvan word". Singewing kan nie kunsmatig geskep word nie. Nog minder kan mense se eie egoïstiese en selfsugtige begeertes sin en hoop voortbring. Gelowiges behoort eerder te vra na God. Singewing gaan oor die spirituele belewing en ver-beeld-ing wat mense van God het. Daarom is die hoopvolle ver-beeld-ing van God, met gebruikmaking van metafore, ook 'n beweging weg van die *positivistiese benadering* van die vorige eeu waarin alles verbind was aan die objektiwiteit van God. Die liefdevolle genade van God, wat die liggaam van God, die geloofsgemeenskap, bevry uit hooploosheid, behoort meer gewig te dra.

Spiritualiteit is gerealiseerde Evangelie. Dit dui op God wat voortdurend, altyd en anders teenwoordig by mense is (kyk Van der Merwe 1995:6; 12). God se teenwoordigheid impliseer 'n aktiewe betrokkenheid in 'n situasie van rou en verlies, soos kenmerkend gesien in die lyding van Jesus Christus self. Soms vind mense dit moeilik om hierdie teenwoordigheid ("*present*"-wees) van God in hulle lewe te aanvaar en derhalwe te ervaar. Dan kan rousmart selfs daartoe lei dat God as 'n *Deus otiosus*, as Iemand wat nie regtig belang by God se liggaam het nie, ervaar word. Indien die pastorant God op so 'n wyse beleef, sou dit

sonder twyfel bepaalde negatiewe Godsbeelde by die pastorant oproep, wat weer die spirituele belewenis van die pastorant negatief sal beïnvloed.

Wanneer van der Merwe (1995:16) meen dat spiritualiteit uiteenval in die drie kante van *inkeer, koinonia* en *lewe*, meen ek dat die probleem in die ver-beeld-ing van God in die rouproses op die *vlak van inkeer* lê. Dit is die vlak van mense se private gesprek en verhouding met God, waar hulle God leer ken en beleef en waar hulle geloof opgebou word.

Die wyse waarop die pastor die pastorant begelei, mag nooit 'n resepmatige oordrag en aanvaarding van die wyse waarop God in die lewe van die pastor ver-beeld word nie. Dit sou die pastorale gesprek onhoudbaar maak. In die soeke na hoop, sal die pastor saam met die pastorant, die onderskeie gebruike van Godsbegrippe, evalueer en sonder om bepaalde voorkeure te verleen aan die gebruik van die een metafoor bo 'n ander, behoort die pastorant begelei te word tot 'n gebalanseerde en bewustelike ver-beeld-ing van bepaalde Godsbegrippe, ten einde as spirituele wese, die eer van God op die voorgrond te plaas. Die spirituele rol van die pastor is belangrik, aangesien mense, ongeag hulle eie spirituele belewenis in die verlede, baie sterk na geestelike ankers soek wanneer hulle 'n situasie van rousmart beleef. Die wyse waarop die pastor self vir God in sy of haar lewe ver-beeld, kan nooit losmaak word van die wyse waarop die pastorant vir God sou ver-beeld nie. Beide pastor en pastorant se ver-beeld-ing van God beïnvloed mekaar.

Geloof en menslike ervaringe kan nie geskei word nie. Mense is religieuse/spirituele wesens. Die ondersoek na mense as religieuse wese, sal altyd by die antropologie begin en in die ekklesiologie eindig (kyk Heitink 1979:327). Mense beleef hulle religieusiteit binne 'n bepaalde geloofsarena. Dit is binne die kader van hierdie geloofsarena dat die pastor *diakonies* by die pastorant betrokke raak. Die pastor se diakoniese funksie lê ingebed in die teenwoordigheid van God soos ver-beeld in die Jesus-gebeure. Dit is ook die

wyse waarop die pastor die pastorant sal begelei tot 'n wyse van wees voor God (kyk Heitink 1979:350). Mense, as religieuse wesens, vra na dit wat hulle reeds in Jesus Christus is. In dieselfde lig gaan Jentsch (1989:120) van die standpunt uit dat al sou dit moeilik vir die pastor wees om dit te erken, dit so is dat: "[W]er viel hilft, braucht selber Hilfe". Hierdie hulp wat die pastor bied, val nie uit in sosiale stereotipes, of in ideologiese beredeneringe nie, maar word begrond in die bevrydende hoop van Jesus Christus.

### 5.2.1 Die "reeds" en die "nog nie"

"Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb 11:1). Hoop is 'n ontasbare sekerheid om vandag reeds in die verwagting te lewe van die môre wat op pad is. Hoop dra die ambivalente en dialektiese spanning van die "ten spyte van ... ", maar die "nogtans ... ". "Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop ... " (Rom 4:18). *Waar hoop taan, daar begin hoop.* Die Christenpastor is die draer van hierdie hoop wat verby menslike vermoë, wysheid en vaardighede strek. Hoop gebeur midde-in hooploosheid; bevryding is hoop teen alle hoop in en hoop ten spyte van hooploosheid.

Vanuit die gerealiseerde hoop wat die teenwoordigheid van Jesus Christus meebring, kry die belofte van hoop in die hede ook nuwe betekenis. 'n Deel van God se beloftes is reeds in Jesus Christus se eerste koms na die aarde vervul. Vir die Christengelowige is hoop midde-in verlies moontlik, trouens 'n werklikheid, aangesien God se beloftes in Jesus Christus radikaal immanent geword het. Dit word bevestig deur Jesus Christus se opstanding uit die dood. Teen alle hoop in, het Jesus Christus aan God se hoopvolle beloftes nuwe betekenis kom gee toe die graf vroeg die Sondagoggend leeg was. Jesus Christus gee hoop wanneer die hoop taan; Jesus Christus, die opgestane Here gee hoop wanneer daar nie meer rede oorgebly het om te hoop nie. Die Emmaus-gangers bevestig dít wanneer hulle volgens die evangelis Lukas sou sê: "Het ons hart nie warm (**καιομένη** – καίω : verlig, aan die brand raak

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

geword), toe Hy op die pad met ons gepraat het ... nie" (Luk 24:32). Hoop laat vlam op; hoop laat brand weer waar dit dood gegaan het; hoop maak warm waar dit koud geword het (kyk Morris [1974] 1986:340; vgl Groenewald 1973:264). "God's promise points us to the importance of what is to come rather than to what has already taken place" (Moltmann 1967:104). Om midde-in nood en verlies die hoop en die verwagting te hê dat nuwe horisonne behoort aan te breek, sou vir die pastor nodig wees om die pastorant te begelei om vanuit die verlede, vanuit en vanaf die trauma en verlies, weg te draai van die verlies en die toekoms met nuwe hoop aan te pak.

Die essensie van die Christelike hoop, is dat hierdie eskatologiese toekoms beide as *uiteindelike gebeure* en as *eintlike gebeure* ver-beeld behoort te word. Die *toekoms* wat Jesus Christus aan die regterhand van die Vader voorberei, is terselfdertyd in die *verlede* teenwoordig in dít wat God reeds voltooi het, maar ook in die *teenwoordige, hede-tyd* deur die belofte van hoop waarvan Jesus Christus self die waarborg is. "Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe [verlede] sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien [toekoms] en daaroor gejuig ..." (Heb 11:13b). Geloof in die kruis en die Gekruisigde, in die oop graf en die geopende hemel wil mense in nood oriënteer om nie net die toekoms te ver-beeld as God se toekoms vir hulle nie, maar ook die hede as God se werklike teenwoordigheid hier-en-nou by mense. Die leegheid van die graf van Jesus Christus, bring die volheid van ware hoop in die lewe van mense terug (kyk Guthrie 1986:224-225).

God self is die waarborg van God se beloftes. Die oorwinning van Jesus Christus oor die kruis en die graf bevestig dat geen mens, hoe groot en swaar sy of haar eie verlies ookal was, ooit hoef te verval in wanhoop nie. Die pastor behoort mense te begelei om vanuit die "niks", God se "onsigbare" belofte van hoop, te sien asof dit reeds aangebreek het. "Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat júlle aan ons gemeenskap deel kan hê" (1 Joh 1:3a). " ... the divine promise always creates a tension between the 'now' and

the 'not yet' – that is between the life of God's kingdom as we presently experience it and the fullness which is to come" (Moltmann 1967:105).

Tussen die gee van 'n belofte en die vervulling daarvan, is daar altyd 'n *wagperiode,* 'n tyd van afwagting. Al gaan hierdie afwagting selfs met pyn en verlies gepaard, bly staan die feit steeds dat die belofte vervul sal word. "Pas op, moenie verskik word nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie ... Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van 'n nuwe tyd" (Matt 24:6b & 8). Gelowiges se swaarkry in 'n gebroke wêreld vol verlies en lyding hoef nie hooploos geleef te word nie (kyk Nielsen 1980:62-63). Verlies behoort 'n uitdaging te word om die hede, as pynlike en gegewe verliessituasie, te ver-beeld as vertrekpunt op pad na 'n ver-beeld-ingryke toekoms. Omdat die hede in 'n onvervulde toestand is, in die "nog nie"-toestand, word die hoop van Jesus Christus se lewende teenwoordigheid steeds hoopvol verwag. Pyn, nood en trauma lê vir die pastorant in die tydgleuf van die onvervulde en vra na 'n vertrekpunt, 'n soeke na nuwe en beter horisonne, wat deur die belofte van Jesus Christus in vervulling sal gaan. Pyn, nood, verlies en trauma dra die belofte van 'n Belofte wat besig is om te ontvou. "Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet" (Rom 8:37). Omdat God se belofte altyd meer inhou as mensewoorde, kan die pastorant in nood en verlies vir God vertrou om die Woord waar te maak. Die vervulling van die belofte dra altyd 'n element van nuutheid en verrassing. Dat God se beloftes vervul sal word, hoef nie oor getwyfel te word nie. Wanneer hoop in vervulling gaan, beteken dit nie dat die hoop as volledig en afgehandel beskou behoort te word nie. Wanneer die hoop in vervulling gaan, skep dit onmiddellik weer nuwe horisonne van uitdaging. Elke vervulling lei tot 'n verdere en nuwe hoop. Wanneer hoop afgehandel word, daag God mense in Jesus Christus uit om steeds te bly hoop op die nuwe beloftes wat God telkens aan mense gee. Hoop wat in vervulling gaan, bied aan mense 'n bevryding om 'n groter hoopvolle toekoms saam met God te ver-beeld.

### 5.2.2 Die basis van hoop: God in Jesus Christus

Müller (2000:42) vra: "Hoe kan die toekomsprentjie weer heelgemaak word sodat dit 'n dryfkrag kan word om in die hede te kan verander? Kan 'n mens verander as jou toekomsstorie verduister is, as die toekoms net nie wil vorm aanneem nie?" Hy beoordeel verskeie benaderings en is selfs van oordeel dat die konsep van die Christelike hoop ook só op 'n naïewe manier gehanteer kan word. Hoop sonder inhoud, is vervelige sentiment. Hoop is meer as wensdenkery (kyk Louw 1999:475). Hoop is vir Christengelowiges substansiële hoop in Jesus Christus, waarin hulle self ook hooploosheid ken en verstaan, wetende dat hulle daaruit bevry kan word. Sodoende kan hoop, soos wat dit in Jesus Christus vir mense gebeur, alleen gebou word op die storie van die verlede van Jesus Christus self. Mense se hoop behoort gebou te word op die hoop van die kruis. Dit is eers wanneer die storie van die verlede van die kruis aan mense die boodskap van hoop oordra en hulle kan verstaan dat die kruis van Jesus Christus hulle van die verlede verlos, dat daar vanuit hierdie ver-*los*-sing, hierdie ver-beeld-ende losmaak van die verlede, 'n boodskap van hoop kan wees.

Müller (2000:43) bevestig dit, wanneer hy opmerk dat: "[D]ie storie van die verlede moenie vergeet en verdring word nie, dit moet geherinterpreteer word". Die onderskeie Godsbeelde behoort weer binne die konteks van rousmart oorvertel en ver-beeld te word, ten einde nuwe hoop te bewerkstellig. Mense behoort as 't ware deur die pastor die geleentheid gegun word om die *verduisterde ver-beeld-ing* van God, wat ontstaan het as gevolg van 'n verliessituasie, weer oor te vertel.

Onverwerkte rousmart of soos wat daarna verwys is as *patologiese rou* in 2.5, impliseer dat mense nie werklike *hoop* midde-in die rousmart van verlies beleef nie, omdat die ver-beeld-ing van God nie genoegsaam aan die orde kom nie. Ek oordeel dat die wyse waarop mense 'n bepaalde vooronderstelling, sowel as *voorstelling* het van *wie* God is en *hoe* God sigself midde-in verlies by mense teenwoordig is, 'n invloed het op die verwerking van rousmart. Indien die pastor

daarin kon slaag om die pastorant te begelei en te bemagtig om God hoopvol te ver-beeld, kan die rousmartgebeure 'n groot uitdaging aan beide pastor en pastorant stel.

'n Christengelowige se hoop word net op God gebou. "Die Christelike hoop kan dus alleen vanuit die verlossingsteologie sinvol hanteer word" (Müller 2000:43). Om die toekoms met hoop te leef, behoort die gelowige *ver-los-send* losgemaak te word van 'n eie hooplose storie van verlies. Indien hoop vir mense wat verlies gely het, nie realiseer vanuit die verlede-storie van die kruis nie, sou die hoop wat die kruis aan mense wil bied, ook vir die hede betekenisloos wees. Sonder die kruis van die *verlede*, is daar geen hoop *nóú* nie en ook geen sin vir betekenisvolle lewe vir die *toekoms* nie. Hierdie hoop laat mense wegdraai van sy of haar "eie ek", sy of haar eie egosentriese hooploosheid, na die Hoop, die teenwoordige God. God is dié Een wat hoop gee, wat hoop bring en wat hoop instand hou. Dit is hierdie hoop wat binne 'n pastorale konteks, beide pastor en pastorant laat wegkyk van 'n eie gepreokkupeerdheid en van die "feitelikhede", soos wat die omstandighede dikwels genoem word. Wanneer die Psalmdigter nie meer na binne kyk nie, maar sê: "[E]k kyk op na die berge, waar sal my hulp [hoop] vandaan kom?" (Ps 121:1), onstaan daar nuwe hoop vir hom. As die hoop van mense wat verlies gely het, nie gebou word op die verlossing van Jesus Christus nie, meen Müller (2000:43) dat dit " ... bloot 'n vorm van ontkenning van die werklikheid, ook die werklikheid van die verlede" is.

Dit beteken nie dat die introspektiewe reis na binne oorbodig is nie. Trouens, dit is dalk die langste reis wat mense mag hê voordat hulle die *ware "ek"* afsterf en die "Ek is ... " van Jesus Christus hoopvol kan ver-beeld. Hoop is nie afhanklik van menslike pogings en insette nie. Hoop is 'n realiteit en werklikheid, omdat God dit laat gebeur. Hoop vra dat die pastorant sy of haar eie verlede sal verstaan, ten einde hoopvol met God die toekoms te kan ontsluit. Natuurlik is God se hoop nie afhanklik van mense se introspeksie nie. Mense se bewustheid van 'n eie onvermoë om uit die self hoopvol te kan lewe, is egter afhanklik van

die hoop van God. God is dié Een wat hoop bring, wat verandering bring en sal bring, alleen omdat die God van die Woord dit beloof het. Dit is die werk van die Heilige Gees, die Eintlike en Ware Pastor. Dit is ook waarom Müller (2000:43-44) waarsku dat " ... 'n toestand van hooploosheid ... jou lewenstema" kan word, indien hoop nie reg bedien word nie. Hy sê voorts dat wanneer mense só ly onder hooploosheid, is die pastor nogal in die versoeking om met goedkoop hoop te troos. Tog bly dit steeds die taak van die pastor om hierdie betroubare God se beloftes aan te neem en die pastorant aan hierdie hoop bekend te stel. Die wyse waarop die pastor dit sal kan doen, is om ver-beeld-end aan die hand van metafore aan te dui hoedat God nog altyd getrou was in die verlede aan God se mense. Daar is alreeds hierbo verwys hoedat Abraham teen alle hoop in, steeds op God bly hoop het (Rom 4:18). Die hoop wat Abraham van God ontvang het, het op drie bene gestaan:

- God se belofte aan 'n land
- God se belofte aan 'n nageslag
- God se belofte aan seën

Abraham se geloof wat in die Bybel as uitstaande voorbeeld voorgehou word, wil nie 'n bo-natuurlike mens beskryf nie. Miskien sou dit juis vir die pastor en pastorant maklik wees om met Abraham te identifiseer as gevolg van Abraham se eie twyfel, vrese, bekommernis, ongeloof en self 'n stuk egoïsme. Abraham se geskiedenis wil sê: Soos wat God die vaste en betroubare bron van Abraham se hoop was, so sal God dit ook nog vandag vir mense wees. Vir Christengelowiges is die skarnierpunt van die Christelike hoop Jesus Christus self. As vergestalting van die koninkryk van God, as gekruisigde en opgestane Here, herleef ware Hoop. In Jesus Christus word die belofte van God waar, sodat die hooplose mens met hoop kan leef midde-in hooploosheid. Hierdie hoop in Jesus Christus is betekenisvol vir mense in nood, omdat God nie met mag en krag na die wêreld toe gekom het nie, maar *as Een met ons* en *as een van ons*. As *God-mens* en *mens-God* word God gebore, het God gely, het God

gesterf en het God opgestaan en oorwin. God laat hoop waar daar nie meer hoop was nie. Derhalwe is daar geen hoop moontlik buite geloof om in Jesus Christus, die opgestane en verheerlikte Here nie. "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy aan ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwerklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word" (1 Pet 1:3-4). Hoop in Jesus Christus en in die opstanding van Jesus Christus kan nie los van mekaar gedink word nie. Hoop is alleen moontlik wanneer daar in en op Jesus Christus gehoop word.

Die God met wie mense deur Jesus Christus in verhouding staan, is die God van geloof, hoop en liefde (1 Kor 13). Christologiese hoop is nie alleen hoop op die toekoms, op die ewige lewe waarin die mag van die dood verbreek is en die opstanding tot lewe verseker word nie. Omdat God beskik oor die mag van die dood, impliseer dit dat die vervulling van God se belofte *moontlik* is en omdat dit Jesus Christus is wat uit die dood opgewek is, is die vervulling van die belofte self *verseker,* hier en nou.

In Jesus Christus, as bron en basis van mense se hoop, word daar nie 'n nuwe nasie geskep nie, maar 'n totaal nuwe menslike geslag. Deur Jesus Christus se opstanding uit die dood, is God se belofte van hoop gestand gedoen. Die opstanding van Jesus Christus is die getuienis van die omkeerbaarheid van die dood van hooploosheid en die hoopvolle uitdaging tot nuwe lewe. Met hierdie perspektief op hoop, kom 'n mens tot die ontdekking dat die Christelike hoop nuwe horisonne ontsluit deur aan die "tradisioneel" hooploses, ware Hoop te kom bied. Van die vroegste tye af kies God dat hooploses weer hoopvol kan leef. Abel (wie se naam "nietigheid" beteken) (Gen 4:1-7) se offer word aangeneem bo dié van sy broer Kain, "dié man" wat vir Adam en Eva in die wêreld gebring is.

### 5.2.3 Verlies, geloof, hoop, liefde en gebed

Geen mens leef, sonder om op iets te hoop nie. Geen mens hoop, sonder om vir iets te leef nie. Geen mens hoop sonder rede nie. Hoop is fundamenteel tot mense se bestaan. Hoop het nie net te doen met die gevoelens van 'n individu nie, maar hoop wil betekenis aan die wêreld gee. Hoop betrek alle vlakke van die lewe. Hoop is meer as net 'n emosie van begeerte en verwagting. Hoop word begrond in die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Hoop maak 'n nuwe toekoms moontlik (Moltmann 1975:25). 'n *Toekomsverwagting* met hoop word gedra deur 'n betekenisvolle *geskiedenis*. Die openheid van die toekoms word verseker deur die ver-beeld-ingryke wyse waarop die pastor die verlede van die kruis van Jesus Christus aan die pastorant gestel het. Wanneer mense hoop, leef hulle met die verwagting van 'n beter toekoms wat sal aanbreek. Hoop is nie passief nie. Hoop stel mense instaat, bevry hulle van hooploosheid en bemagtig hulle met hoop. Om hoop in Jesus Christus te plaas, is om die toekoms, vanuit die verlede en hede, aktief te beplan en te koördineer. Hoop in Jesus Christus roep tot diens. Die voetewassing episode van Johannes 13 impliseer nuwe hoop vir die dissipels wanneer hulle gekonfronteer word met die verlies dat Jesus weggaan. Jesus bemagtig hulle met hoop wanneer vir hulle gesê word: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het ... Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen".

Hoopvolle diens aan God en mekaar, verskuif die fokus van die "ek" en die selfgesentreerdheid van 'n egoïstiese menswees. Om met hoop te lewe, is om te dien. Diensbaarheid laat mense wegkyk van die egoïstiese versoeking om te verval in die verlies van die verlede en die verlies van die self. In die aksie waar mense hulle self prysgee, bring dit weer hoop. "Die Seun van mense het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien [om te sien; om te gee; om te voorsien] en sy lewe te gee as losprys vir baie" (Matt 20:28 & Mark 10:45). Ongelukkig is die pastor ook gekonfronteer met die realiteite dat " ... the postmodern self is a self with fuzzy boundaries, created and recreated dozens of

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

times each day through interaction with others, with the media, and with the environment" (Bidwell 2001:279).

Christelike hoop is hoop wat in liefde realiseer. Buite die *liefde* van God om, kan mense en durf mense nie hoop nie. Hoop gebeur waar liefde in dade bewys word, soos met die voetewassing-episode, maar meer nog en veral aan die kruis van Jesus Christus. Daarom word hoop nie gebou op menslike aktiwiteite nie. Vanuit die verledestorie van Jesus Christus, 'n pynlike verhaal van verlies aan lewe, kan mense se verledestories self ingekleur word, sodat daardeur 'n nuwe toekomsstorie oopgesluit word – 'n storie van hoop, ten spyte van verlies, 'n storie van hoop teen alle hoop in. "The parallels between tragedy and God-talk are clear. The person using God-talk is not one who believes that the world operates on its own, with fate and chance striving to prove they have divine powers" (Allen 1995:20). Hoop wat gebou word op die liefde van Jesus Christus, laat nuwe verhoudinge totstand kom. Deur die hoop wat Christengelowiges in Jesus Christus het, word hulle instaat gestel om te herinvesteer in nuwe verhoudings met geloofsgenote. 'n Gemeenskap met gelowiges versterk die *geloof* in Jesus Christus, sodat daar inderdaad *hoop*vol en uit *liefde* met mense saamgeleef kan word. Waar Christelike hoop nie gebeur nie, word die geloofsgemeenskap terselfdertyd van geloof en liefde gestroop. Die omgekeerde kan terselfdertyd ook van geloof en liefde gesê word. Weer eens is die rooiligte wat Müller (2000:44) laat opgaan relevant wat waarsku dat daar nie te maklik met hoop omgegaan behoort te word nie, anders " ... versterk die hoop net die ontkenning en vergroot dit uiteindelik die uitsigloosheid". Patologiese, ontkennende rou ontstaan waar mense met uitsigloosheid en hooploosheid lewe. Hoop wat veridealiseer word, is nie hoop nie en bring nie hoop nie. Hoop is 'n werklikheid wat in Jesus Christus se kruis en opstanding gerealiseer het en nie geïdealiseer het nie. Wanneer Martha en Maria (Joh 11:17-32) hooploos is oor hulle broer, Lasarus se dood, word Martha gekonfronteer met die hoopvolle woorde: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal lewe, al sterwe hy

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. *Glo jy dit?"* (eie kursivering).

Jesus, wat in die gestalte van 'n dienskneg na hierdie wêreld toe gekom het, word as Gekruisigde die simbool van wat diens behels, maar meer as dit, Jesus Christus word, as mens *Diens vir mense en aan mense*. In die hooploosheid van mense word die ware mens Jesus, self die voorsiener, omsiener en bediener van hoop. Die gevolge van Jesus se diens aan mense, beteken dat mense midde-in nood en verlies kan weet dat daar hoop is, omdat diens aan ander 'n mens nie bind nie, maar vrymaak. Jesus Christus word verneder wanneer daar gedien word, maar word verhoog wanneer getrou gebly word aan hierdie dienswerk.

Diensbaarheid bevry mense nie van lyding nie. Trouens, diensbaarheid mag dalk veel eerder die bevestiging wees dat geen mens lyding gespaar sal word nie. Daarteenoor ontdek mense dat hulle deur hulle diensbaarheid hoop laat ontvlam midde-in lyding. In die wyse waarop mense dien, sien hulle die Dienaar van mense, in diens ván mense vír mense. Hierin sal gebed, as diens uit dankbaarheid aan God, 'n fundamentele rol speel, anders heers daar wanhoop, chaos en teleurgesteldheid.

Hoop midde-in hooploosheid, hoop teen alle hoop in (Rom 4:18) (kyk Käsemann 1980:122-124), beteken nie dat mense die hoop het dat dit wat was, herstel sal word nie. Hoop is hoop op Jesus Christus alleen, omdat dit was was, nie herstel kan word nie. Om te hoop, is om los te maak van wat was, los te maak van dít wat God gegee het, sodat daar opnuut weer vasgehou kan word aan dié Een self wat gee en wat uit liefde vir die wêreld, nie ophou om te gee nie, self al het mense dít wat eens gegee is, verlies gely. Mense kan lewe in die hoop dat hulle nie net by die storie van die verlede stilstaan nie, maar hoopvol kan leef in die hier-en nou van God se teenwoordigheid.

**a) Verrykende ver-beeld-ing van God in die verhaal van *verlies***

Vir Christengelowiges wat die kruis en die Gekruisigde ken, staan geloof en lyding onlosmaaklik van mekaar. Mense leer God ken as Een wat aan die kant van mense kom staan in die stryd teen lyding. Lyding, verlies, nood en trauma is dus nie noodwendig slegte gebeure in die lewe van mense nie. Lyding is deel van die menslike bestaan. Verlies kan verstaan word as die begin van lewe, reeds daar waar die sekuriteit in die baarmoeder gelos is. Die hele lewe bestaan uit die loslaat van die oue en die opreis gaan met die nuwe; die hooploosheid en die hoop; die verlies aan die bekende en die op pad wees met die onbekende.

Rou is kompleks. Die verwerking daarvan vra na 'n Goddelike teenwoordigheid en nie die aanleer van vaardighede nie. Die proses van verlieshantering kan nie kunsmatig of resepmatig verwerk word nie. Lyding het dikwels te make met die donker kant van die lewe, met die ervaring van on-sin en leegheid. Lyding, nood, trauma en verlies neem mense uit na die grense van die lewe, sodat mense as 't ware gedwing word om hoopvol vrae oor die lewe te vra. Geloof behoort die roete te wees wat gevolg word, ten einde die verlies positief te interpreteer en te verwerk. Sodoende is dit nodig dat mense in nood die regte betekenis sal soek van die pyn en verlies wat hulle beleef.

Die bewustelike hantering van rousmart is noodsaaklik vir die verwerking van die rousmart van verlies. Omdat die pyn van verlies dikwels verskans of onderdruk word, gebeur dit wel dat die verlies ontkennend onderdruk word. Dit behoort 'n uitnodiging aan die anders teenwoordige God self te wees om deur Jesus Christus, by die lyding en nood van mense teenwoordig te wees. Dit is dit taak van die pastor om saam met die pastorant die *storie van verlies* sodanig te vertel dat dit as 'n *storie van hoop* gehoor kan word. Die bemagtiging en bemiddeling van sin is 'n bemagtiging met die singewende genade van Jesus Christus.

Rou wil 'n wegwys wees van die verlies en trauma en van die self, en 'n heenwys na die nuwe moontlikhede, die nuwe hoop wat God deur die lyding van Jesus

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

Christus self bewerk het. Buite die Goddellike Self. is die menslike self waardeloos. 'n Verloëning van die self, die opoffering van die eie ek. die afstand doen van eie en egoïstiese benaderings in rousmart en verlies, dien nie alleen as depatologisering en ontmitologisering van die rousmartemosies nie, maar is 'n Christelike opdrag (Mark 8:27-9:1). Daarom weet mense wat na die beeld van God geskep is, dat dit louter genade is dat die menslike self in diens van die Goddelike self gestel behoort te word.

Om te rou is *rou,* maar dit dra ook die karakter van vreugde en oorwinning. Die voordeel in die ervaring van rousmart is dat Iemand reeds uit liefde daardeur is en oorwin het en teenwoordig is by dié wat dit nou belewe. Deur die teenwoordigheid van Jesus Christus in 'n gebroke en onvolmaakte lewe van pyn, verlies en rou, word aan 'n kleipot wat aan die verkrummel is, nuwe betekenis gegee deurdat mense die skat van die oorwinnende Here Jesus Christus in hulle kan hê (2 Kor 4:7).

### *b)* Verrykende ver-beeld-ing van God in die verhaal van *geloof*

Geloof midde-in hooploosheid is dui op mense se werklike *identiteit*, wie hulle is en wat die sin van hulle lewe is. Geloof in die drie-enige God is 'n prakties deurleefde en hoopvolle lewensstyl. Geloof plaas klem op die kwaliteit van mense se *"wees"* in die teenwoordigheid van God. Geloof vra na die wyse waarop die teenwoordigheid van God 'n bydrae kan maak tot die sin van menslike bestaan en hoe dit mense kan bevry tot geloof in aksie. Die implikasies daarvan vir die rouproses is dat mense in 'n tyd van verlies wel getroos kan word. Dit is 'n troos wat een mens nie aan 'n ander kan bied nie. Dit gaan oor die wyse waarop mense die teenwoordigheid van God spiritueel belewe.

Geloof is gehoorsaamheid aan God. Geloofsgehoorsaamheid aan God is 'n hier-en-nou gebeure. Geloof in God dra die karakter van 'n gerealiseerde eskatologie, van God wat nou reeds en altyd steeds teenwoordig is. Geloof is gerealiseerde Evangelie. Geloof is God se verbondsmatige en voordurende

teenwoordigheid by mense. In die lig daarvan dat geloof en menslike ervaringe nie geskei kan word nie, vra mense as religieuse wese, na dít wat hulle reeds in Jesus Christus is. Geen mens glo sonder rede nie. Geloof is fundamenteel tot mense se bestaan. Omdat geloof nie alleen te doen het met die gevoelens van 'n individu nie, maar ook geloof vir die wêreld wil wees, sal geloof relevant wees vir die totale lewensbestaan van mense. Geloof stel mense instaat en bevry hulle van hooploosheid. Geloof bemagtig mense met hoop.

Om met geloof in Jesus Christus te lewe, is om die toekoms, vanuit die verlede en hede, aktief te beplan en te koördineer en NÓÚ hoopvol oor te vertel. Geloof in Jesus Christus roep tot diens. Geloof verskuif die fokus van die "ek" en die selfgesentreerdheid van mense, na diensbaarheid aan mekaar en aan God. Geloof laat mense wegkyk van die egoïstiese versoeking om te verval in die verlies van die verlede en die verlies van die self. *Christelike "geloof" is "hoop" wat in "liefde" realiseer.* Vanuit die verledestorie van Jesus Christus, 'n pynlike verhaal van verlies aan lewe, kan mense se verledestories self ingekleur word, sodat daardeur 'n nuwe toekomsstorie oopgesluit word – 'n storie van geloof. Christelike geloof wil herinvesteer in nuwe verhoudinge en *geloof* stig en versterk, soos wat Jesus Christus inderdaad uit *liefde* met mense kom doen het. Waar Christelike geloof nie gebeur nie, daar word die geloofsgemeenskap terselfdertyd van hoop en liefde gestroop.

Die geloofsgemeenskap is die Godgegunde ruimte van aanbidding waar die Heilige Gees werksaam is in al die lede. Dit is hier waar gelowiges geroep is om deur hulle geloofsgawes mekaar te dien (kyk 1 Kor 12; vgl Rom 12). Gelowiges is geroep om mekaar by te staan en te ondersteun en om te gee wanneer ander weens hulle lyding hoop verloor het. Die geloofsgemeenskap behoort die lyding van Jesus Christus as hoopvolle en liefdevolle gebeure voor te leef aan mekaar.

*c)* **Verrykende ver-beeld-ing van God in die verhaal van *liefde***

Diens aan mekaar, veral diens aan dié wat hooploos leef, vra van mense in 'n sekere sin 'n bereidheid om self te ly. "Love toward God and toward the Savior strengthens us to do what the natural man is not able to do – to die daily" (Moltmann 1979:27). Diens aan mense in nood en verlies, ten einde hoop midde-in hooploosheid te kommunikeer, sou niks anders wees as dat die pastor en pastorant sal ontdek wat die betekenis daarvan is *om daagliks te sterwe* en as 'n hoopvolheid uit te leef nie. Die pastorant se eie "self" behoort gekruisig en oorwin te wees, alvorens hy of sy die Gekruisigde en Opgestane Here sal kan ervaar. Voorts is dit een van die wesenseienskappe waaraan die *communio sanctorum* gekenmerk behoort te word. 'n Geloofsgemeenskap wat self nie eers gesterf het nie, sal beswaarlik Jesus Christus, die *Diakonos*, kan voorleef aan dié wat hulle hoop in diens verloor het.

Mc Fague meen dat die verhouding tussen God en die wêreld *ontmitologiseer* behoort te word. Aanvanklik (1988) werk sy, naas die tradisionele patriargale metafoor van God as Vader, ook met die metafoorgroeperings van God as Moeder, God as Minnaar en God as Vriend van die wêreld, en met die beeldmetafoor van die wêreld as God se liggaam. McFague poog om hierdie metafore as geloofwaardig vir die teologie aan te bied, vanuit 'n Christelike perspektief. Later (2001), wanneer sy 'n ekonomies-ekologiese teologie bedink, gebruik sy steeds die metafoor van die wêreld as God se liggaam, maar wil sy die onderskeie metafoorgroeperings van kategorisering bevry. Die kruis en opstanding van Jesus Christus wat hoop vir hooplose mense bring, word die dryfkrag agter elke moontlike ver-beeld-ing van God.

"Because of the incarnation [presence of God], I believe that God is love: God loves the world. I believe God loves the world with various kinds of love – the love of a creator, a friend, a mother and father, an artist, a lover, a scientist" (Mc Fague 2001:17). Ek oordeel dat die liefde van God, wat begrond word in die

hoopvolle teenwoordigheid van Jesus Christus, die moontlikheid ooplaat dat daar naas die aantal metafore wat McFague hier noem, steeds ander metafore bygevoeg kan word. Die liefde van God, wat begrond word in die hoopvolle teenwoordigheid van Jesus Christus, laat 'n oop einde aan 'n metaforiese ver-beeld-ing aangaande God. God, en die hoopvole emansipering wat God aan mense in hooploosheid bied, sal altyd meer wees as die potensiële Godsbeelde wat mense van God kan opnoem. God strek wyer en meer as ons ver-beeld-inge, gedagtes en stellinge aangaande God.

Om hoop te vind midde-in en ten spyte van verlies, is om God as 'n werklikheid en as bron van alle werklikheid te beleef. Dit is ook om te weet dat God se werklikheid en mense se werklikheid van mekaar verskil. Gevolglik verskil die hoop wat God bring van die hoop wat mense verwag, omdat die liefde van God altyd anders en meer is as wat mense verwag.

God se liefde word deur die lewe aan mense gegee. Die liefde Jesus Christus se teenwoordigheid by mense, is 'n aanduiding dat Goddelike liefde nie 'n opsionele ekstra is nie. In en deur God se liefde is God lewe – lewe in oorvloed, selfs midde-in en ten spyte van verlies en hooploosheid. God is liefde, God is lewe. Die lewe, selfs in hooploosheid, gebeur in liefde en uit l(L)iefde (Joh 3:16). Die lewe gaan oor *hoe* God in liefde is en *wat* God in liefde gedoen het en steeds doen.

### *d)* Verrykende ver-beeld-ing van God in die verhaal van *hoop*

O Heer, skryf in ons harte
dat ons dit nooit vergeet,
al pynig ons die smarte
al martel ons die leed:
Die kruis van ons Verlosser
sluit vergesigte oop!

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

In 'n verwarde wêreld
bring dit weer vaste hoop!
(kyk A van der Colf, Liedboek 2001: Gesang 478:4)

Hoop herleef daar waar hoop wil oorkantel in hooploosheid. Toe Abraham as ou man met sy slawe en enigste seun die gevare moes trotseer en vir Isak op berg Moria moes gaan offer het (Gen. 22), toe sy geloof wou verval in ongeloof en sy hoop in hooploosheid, toe eers het sy hoop waarlik begin lewe.

Dit is nie deur eie vermoëns dat lyding oorkom word nie. God wil mense in Jesus Christus bystaan. Op grond van Jesus se eie oorgawe om ter wille van mense midde-in lyding te ly en gehoorsaam deur die dood aan die kruis te wees, ontstaan daar hoop vir mense. Alleen die lydende God kan help wanneer mense ly. Deur Jesus Christus se lyding kan mense lewe en deur Jesus Christus se dood kan mense hoop. Die Storie van 'n lydende Jesus Christus is die storie van 'n hoopvolle mens. Jesus Christus se lyding beeld God se ware liefde uit; Jesus se dood is God se herskeppende en herver-beeld-ende hoop. "It is when Jesus falls silent on the cross that He speaks to us with the greatest intensity" (Moltmann 1979:28).

Die geheim van hoop in Jesus Christus midde-in lyding en nood, is dat lyding nie destruktief is in die wyse waarop dit dikwels voorgestel word en die wyse waarop mense daarop reageer nie. Lyding kan mense nie isoleer en/of vernietig nie. Lyding is nie hooploosheid nie. Deur lyding word mense saamgebind, opgebou en herenig, sodat die hoop in hulle kan herleef. Die geheim van hoop is dat Jesus Christus wat self lyding en dood oorwin het, nuwe betekenis en nuwe hoop aan elke vorm van lyding kom gee het. Die geheim van hoop is die leë graf. Hoop is heelmakende lyding. Hoop bemiddel geloof, deurdat hoop die toekoms as 'n oop einde voorstel. "Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb 11:1). Hoop is die middel om hooploosheid mee teë te werk. Hoop sien die moontlikhede in

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

die toekoms raak. "Hoping does not limit reality to what is perceived in the 'now' but continiously looks for further development of reality that is being formed. As the future unfolds, it reveals new data that change our understanding of reality" (Lester 1995:89).

Hoop dui op substansiële hoop in Jesus Christus wat mense se hooploosheid ken en verstaan en mense daarvan wil bevry. Hoop, soos wat dit in Jesus Christus vir mense gebeur, kan alleen gebou word op die storie van die verlede van Jesus Christus aan die kruis. Wanneer die storie van die verlede van die kruis aan mense die boodskap van hoop oordra, kan hulle vertel dat Jesus Christus se teenwoordigheid hulle van die verlede verlos, dat daar vanuit hierdie ver-*los*-sing, hierdie losmaak van die verlede, 'n boodskap van hoop is.

Christengelowiges se hoop word net op God gebou. Indien hoop vir mense wat verlies gely het, nie realiseer vanuit die verlede-storie wat die Bybel van Jesus Christus vertel nie. sou die hoop wat Jesus Christus se teenwoordigheid NÓÚ aan mense wil bied. ook vir die hede betekenisloos wees. Sonder die *verlede* soos vertel in die Christus-gebeure, is daar geen hoop *nóú* nie en ook geen sin vir betekenisvolle lewe vir die *toekoms* nie. Hoop laat mense wegdraai van hulle "eie ek" na die teenwoordige God. God is dié Een wat hoop gee, wat hoop bring en wat hoop instand hou. Die langste reis wat mense mag hê, is die afsterf van die ware "ek", sodat die "Ek is ... " van Jesus Christus se teenwoordigheid ervaar kan word. Hoop is nie afhanklik van menslike pogings en insette nie. Hoop is 'n realiteit en werklikheid, omdat God dit laat gebeur. Hoop vra dat die pastorant sy of haar eie verlede sal verstaan, ten einde hoopvol met God die toekoms in die NÓÚ te kan ontsluit. Mense se bewustheid van 'n eie onvermoë om uit die self hoopvol te kan lewe, is egter afhanklik van die hoop van God. God is dié Een wat hoop bring, wat verandering bring en sal bring, omdat God teenwoordig by mense is.

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

Die skarnierpunt van die Christelike hoop is Jesus Christus self. As vergestalting van die koninkryk van God, herleef ware HOOP. Hoop kan met "egte" geloof ervaar word, daar waar God heers (Kyk Rom 5:1-11). In Jesus Christus word die belofte van God waar, sodat hooplose mense met hoop kan leef midde-in hooploosheid. Hierdie hoop in Jesus Christus is betekenisvol vir mense in nood, omdat God nie met mag en krag na die wêreld toe gekom het nie, maar as *Een met ons* en *as Een van ons*. As God-mens en mens-God is God teenwoordig by mense, ly God tussen mense en oorwin God vir mense lyding. God laat hoop waar daar nie meer hoop was nie. Geen hoop is moontlik buite geloof in Jesus Christus nie.

Hoop in Jesus Christus en in die opstanding van Jesus Christus kan nie los van mekaar gedink word nie. Hoop is alleen moontlik wanneer daar in en op Jesus Christus gehoop word. Christologiese hoop is hoop op die toekoms wat reeds in die hede aangebreek het en waarin die mag van die dood verbreek is en die opstanding tot lewe verseker word. Deur Jesus Christus se teenwoordigheid is God se belofte van hoop gestand gedoen. Die teenwoordigheid van Jesus Christus is die uitdaging dat hooploosheid sal verdwyn in die hoopvolle ervaring van 'n nuwe lewe met "egte" geloof. Met hierdie perspektief op hoop, kom 'n mens tot die ontdekking dat die Christelike hoop nuwe horisonne ontsluit deur aan die hooploses ware hoop te kom bied. Hoop herleef daar waar hoop wil oorkantel in hooploosheid.

Die Storie van 'n lydende Jesus verryk die storie van hooplose mense om met hoop te lewe. Jesus Christus se lyding beeld God se ware liefde uit; Jesus se dood is God se herskeppende hoop. Die geheim van hoop in Jesus Christus midde-in lyding en nood, is dat lyding nie destruktief is in die wyse waarop dit dikwels voorgestel word en die wyse waarop mense daarop reageer nie.

### *e)* Verrykende ver-beeld-ing van God in die verhaal van *gebed*

God is teenwoordig by mense, sodat mense in hulle hooploosheid met God kan praat deur gebed (kyk Mc Fague 2001:139). So ook stel Louw (2001:65) dat:

> Prayer is a unique and fundamentally a theological issue in pastoral care and counselling. It functions within the encounter with God, as an indication of the believer's ontic status and condition before God. Thus the reason why prayer is *more* than mere conversation and God-talk, it refers to our being functions and is an expression of our understanding of God (God-images). A theology of prayer should be connected to the indwelling presence of the Spirit (pneumatology). It fosters spiritual growth within the koinonia (fellowship of believers).

Hiervolgens meen ek dat mense hulleself werlik leer ken, in hoeverre hulle met God praat. McFague meen dat mense vir God leer ken, wanneer hulle hulself leer ken het (kyk McFague 2001:9). Derhalwe is gebed belangrik, omdat mense in gebed nie *oor* God praat nie, maar oor hulleself *in* God. Gebed is iets van God en mens. Gebed is iets van God se mense wat voor God lewe. Gebed vertel iets van God se teenwoordigheid, waardeur mense instaat gestel word om met God te kan praat. Gebed is die emansipatoriese bemagtiging waarin mense instaat gestel word om oor hulle lewens vanuit 'n Goddelike perspektief te kan praat. Gebed is die skarnierpunt waar mense ontdek wie hulle eintlik is, vanuit die perspektief van die die teenwoordigheid van God. Dít, sê Mc Fague (2001:9) maak dat "[W]e are no longer the center (a definition of sin); we know God is the Center (a definition of salvation)". Gebed is 'n uitdrukking van die wyse waarop die Gees mense beïnvloed. Gebed is die kwalitatiewe verandering en beïnvloeding van die Gees op die mens (kyk Louw 2001:66). Daarom is gebed meer as 'n gesprek wat tussen mense plaasvind.

Gebed is alleen moontlik deur die *inwoning* van God in mense. Gebed beteken om gemeenskap met God te hê, omdat God biddend in die leefwêreld van mense ingetree het (Matt 6:9-13). Die teenwoordigheid van God, wat uit liefde in die leefwêreld van mense intree (McFague 2001:134), is 'n *paradoksale teenwoordigheid*. Mense kan in hulle *gebrokenheid*, deur gebed, die *heelheid* van God binne tree. Mense kom deur gebed *naby* aan heilige *verhewendheid* van God. Mense kan deur gebed *vra*, al *weet* God reeds alles. Mense kan in gemeenskap met God tree, want God het in gemeenskap met mense getree. "I believe that God is personal because I have experienced God this way in prayer; I am conscious of being with a Presence, a Thou, not an It. I believe then in God – though what this means I cannot fully say" (McFague 2001:18).

Deur God se paradoksale teenwoordigheid in die lewe van mense, word steeds metafories ver-beeld. Mense kan deur gebed dit regkry om iets te sê *oor* God, maar meer as dit, gebed kan ook iets sê *aan* God. Mense kan, omring deur die liefdevolle teenwoordigheid van God, aan God vertel wat verlies aan hulle doen, met die verwagting dat God iets aan verlies kan doen. Deur gebed kan mense verwag dat God hulle sal bevry en bemagtig om weer hoopvol te leef, waar daar nie meer hoop is nie. Derhalwe is gebed " ... 'n geloofsbelydenis op grond van [Jesus] Christus se opstanding" (Louw 2001:71). Hiervolgens sluit ek aan by Louw en noem slegs enkele van sy karaktereienskappe van gebed:

**i) Aanbiddings-karakter**

"In gebed aanbid die bidder nooit die middel en eie behoeftes of wense nie, maar die Gewer van die gawes" (Louw 2001:71-72). Hier gaan dit om wie God vir mense is en aanbid mense vir God opgrond van dit wat God in die lewe van mense doen. God word deur gebed aanbid, omdat God wat anders magtig is, by magte is om mense van hulle hooploosheid te bevry. Deur gebed steek mense grense oor en betree hulle biddende die teenwoordigheid van God. Mense kan aanbid, omdat hulle weet dat daar hoop is midde-in hooploosheid. Sodoende is gebed mense se volle oorgawe aan God en is dit God se volle in beheer wees

van mense wat ly. "In aanbidding gee die bidder hom-/haarself weg aan God en doen afstand van hom-/haarself" (Louw 2001:72). Deur gebed sien lyers die Lydende wat oorwin het en hulle meegaande bevry en bemagtig tot oorwinning.

**ii) Voorbiddings-karakter**

Voorbidding speel 'n belangrike rol binne 'n geloofsgemeenskap. Deur God se teenwoordigheid kan mense met God praat. Voorbidding beteken dat die geloofsgemeenskap uit liefde in hulle "praat met God", ook hulle medemens in nood by hierdie gesprek insluit. Die voetewassings-episode van Johannes 13, herinner mense om na mekaar uit te reik. Gelowiges behoort vir mekaar te bid en vir mekaar by God in te tree. Waar die pastor en geloofsgemeenskap voorbidding vir mense in nood doen, staan hy of sy as 't ware in die plek van die mense wat verlies gely het, en *bid* hulle solank die mense in nood se gebed *voor*, aangesien mense in nood weens hulle nood nog nie self die gebed voor God gesê kry nie.

Om te kan voor-bid, behoort die pastor vertroud te wees met mense se storie van verlies. Voorbidding in 'n geloofsgemeenskap, strek baie wyer as die voor-bid van die pastor. In 'n geloofsgemeenskap is daar soveel mense wat in die verlede verlies gely het en die Verhaal van bevryding ken, dat hulle genoodsaak word om mekaar se laste te dra (Gal 6:2) deur vir mekaar voor te bid by God.

**iii) Lofprysings-karakter**

Deur gebed loof mense vir God en sê hulle dankie vir dít wat hulle ontvang het. Gebed sê dankie vir die bevryding wat gebeur het. Gebed sê dankie, omdat die lewe weer hoopvol ontdek is. Gebed prys God, deurdat mense se hooplose storie uiteindelik weer nuwe betekenis gekry het, toe dit gevul is met God se hoopvolle Storie. Gebed is gevul met lofprysing, want God het genesing en bevryding geskenk. Deurdat mense waardig voor en in die teenwoordigheid van God kan lewe, hou hulle nie op om God daarvoor te dank nie. Gebed is om jou storie aan God te vertel. Gebed is om God hoopvol te ver-beeld midde-in mense

se hooploosheid. Hierdie lofprysingsstorie is ook die storie van die hele geloofsgemeenskap. In 'n geloofsgemeenskap is mense nie alleen bly deurdat hulle vir mekaar hulle stories van hoop kan vertel nie, maar veral omdat die werklike Storie van hoop hulle instaat gestel het om te kan oorvertel. Trouens, waar 'n geloofsgemeenskap bymekaar kom, daar word die teenwoordigheid van God geprys. Allen (1995:22 & 25) sê:

> In the middle of a crisis we often hear short cries of pain like the following: Oh, God, where are you? Dear Lord, why did Susie have to die? Give me strength, God! What did I do to deserve all of this, Lord? Help me, Jesus! While these and other similar outbursts are very familiar to ministers and counselors, we may see such pleas as mindless babbling or irrational behaviour, or even as desperate attempts to raise God's attention or to demand justice. What happens, however, when we consider them as *prayers*? ... [W]hen such lament prayers are encountered in our ministry we are meeting head-on heretofore unseen aspect of the real person.

Gebed bied bevryding en genesing. Gebed bied betekenis in mense se lewens waar daar nie meer betekenis is nie. Selfs wanneer mense lyding so intens beleef dat hulle nie kan bid nie, bly gebed die enigste wat mense kan doen, sodat God iets aan die saak en aan mense kan doen. Gebed is mensetaal en is 'n metaforiese uitroep tot God wat teenwoordig is in die leefwêreld van mense en daarom geprys behoort te word. Die geloofsgemeenskap is die ruimte van aanbidding waar die Heilige Gees werksaam is in al die lede. Dit is hier waar gelowiges geroep is om deur hulle gawes mekaar te dien (1 Kor 12). Gelowiges is geroep om mekaar by te staan en te ondersteun en om te gee wanneer ander weens hulle lyding hoop verloor het.

> Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van díe wat nie sterk is nie. Ons moenie net aan onsself dink nie: elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof opbou. Christus het immers ook nie aan Homself gedink nie ... [A]lles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer, sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees (Rom 15:1-2)

Voordat die lede van die geloofsgemeenskap diensbaar vir en aan mekaar kan wees, behoort gelowiges te leer om vir ander om te gee, omdat hulle deur die lyding en oorwinning van Jesus Christus, onlosmaaklik deel van mekaar is. "It is toward it's own members already a diaconal community or it is no community" (Moltmann 1979:32). Dit sou vir die geloofsgemeenskap noodsaaklik wees om vir mekaar die lyding van Jesus Christus as hoopvolle en liefdevolle gebeure voor te leef en metafories te ver-beeld. Daar is reeds vroeër verwys na die opmerking van Matthew & Lawson (1995:116) wat van mening is dat die lede van 'n geloofsgemeenskap wat vir mekaar omgee, ook aan mekaar die ruimte bied om vir mekaar om te gee. Die wyse waarop dit gebeur is soos wat Paulus in 1 Korintiërs 12:7 dit omskryf: "Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal". Hierin is die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:25-37) 'n uitstaande voorbeeld van omgee in lyding omdat die liefde van Jesus Christus self in lyding die voorbeeld gestel het.

## 5.3 Aanduidings van verryking

Die probleem is in hoofstuk 1 en 2 gestel dat só 'n hoop dikwels nie deur mense wat verlies gelei het, ervaar word nie. Mense soek na nuwe horisonne van hoop wanneer hulle hoop deur verlies bedreig word, omdat mense hoopvol wil lewe. Ek het aangedui dat mense se verstaan van hoop dikwels nog te sterk op eskatologiese perspektiewe gebou is. Daar is in hierdie studie is gefokus op:

- die omvang van rousmart
- die gevolge van onverwerkte rousmart as hindernis op die weg na hoop
- die wyse waarop Godsbeelde die rouproses kan verryk
- moontlikhede waarop die rouproses, aan die hand van 'n narratiewe metode, hoopvol verryk kan word

Ek meen dat daar vanuit bogenoemde perspektief 'n bydrae tot die pastoraat gemaak is, deur die rouproses met metaforiese Godsbeelde en die narratiewe metode te verryk. Waar dit gebeur kan die pastorant 'n lewe hoopvol *coram Deo* leef. Daar is aangedui dat daar waar mense hulle storie van verlies met hoop kan vertel, daar 'n pad van bevryding op hulle wag, deurdat hulle bemagtig word met die werklike hoop, soos wat die Bybel oor die Jesus-gebeure getuig. Hooploosheid is verduidelik as 'n situasie waarin mense as 't ware weens hulle verlies in 'n doodloopstraat gekom het. Hulle het die hoop om hulle toekoms hoopvol te verryk, verloor. Die betrokkenheid van die pastor kan verrykend op die rouproses inwerk. Pastor en pastorant behoort daarom te vra na *hoe* God hulle in hulle verlies lei, eerder as om te vra na *wie* God is.

Mense is nie daartoe instaat om vir hulleself werklike hoop te skep nie. Daar is reeds in hoofstuk 2.1 aangedui dat lyding vir die Christengelowige, 'n vraag na God behoort te wees (kyk Oomen 1994:263). Volgens die evangelis Johannes sou Jesus Christus sê: "Ek het gekom dat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed" (Joh 10:10; vgl Joh 15:11; 20:31). Gedurende pastorale begeleiding behoort mense begelei te word dat hulle die teenwoordigheid van Jesus Christus as heil en hoopvolle gebeure in hulle lewens sal ervaar en God se hoopvolle krag (Ef 1:19-20) en liefde in alles weerspieël. Om 'n verskil te maak, behoort mense hulle ge*loof* so *hoop*vol te internaliseer dat hulle dade (*liefde*) ver-beeld-end sal wys in dít wat hulle sê, doen en dink.

Ek het in hoofstuk 2 aangedui dat daar in die bestaande ondersoeke aangaande rousmart (vgl De Klerk 1977; Spiegel 1977; Hallewas 1989; Lategan 1991; Ligtenberg 1995; Oomen 1995; Ganzevort 1996; Louw 1997) nie dieselfde fokus op die ervaring van God se teenwoordigheid as bron van hoop midde-in hooploosheid geplaas word nie. Rousmart, as mense se noodkreet, kan verstaan word as hulle soeke na hoop midde-in verlies. Ek het aangedui hoe mense hoop dikwels verstaan as iets goeds wat *eers later* vir hulle sal deurbreek. Wanneer hoop vir mense iets is wat eers in die toekoms kan gebeur, sou hulle kwalik hier-en-nou reeds met hoop kan lewe. Waar mense egter nie kan hoop op iets beters as die verlede nie, bly hulle toekoms toegesluit, want waar mense nie hoop nie, kan mense ook nie lewe nie. Daar is voorts in hoofstuk 2 aangedui dat die verwerking van rousmart nie lê in die proses van hoe die *verlies* oorwin kan word nie, maar wel hoe die *eie ek* oorwin word. In rou vra mense nie na die verlies as sodanig nie, maar wel: hoe sal <u>ek</u> sonder die persoon of saak kan voorlewe? Die selfgesentreerdheid van mense in rou dui op mense se pynlike ervaring van verlies en selfs 'n onvermoë om los te maak van die persoon of saak wat verlies gely is. Hierdie "losmaak"-gebeure is as 'n proses van onthegting aangedui. Die *onthegtingsproses* ten opsigte van die verlies, behoort terselfdertyd 'n *aanhegting* te wees. Die verlies behoort 'n te wins word, die verleentheid 'n geleentheid. Sodoende raak onthegting nie 'n negatiewe en angswekkende proses nie, maar word die *los-maak* aan die verliessituasie gevul met aanhegting aan die nuwe uitdagings wat die teenwoordigheid van Jesus Christus in lyding kan bied. Daar is in hoofstuk 2 aangedui hoedat Sarot (1997:146) hierdie onthegtings- en aanhegtingsgebeure die *unio mystica* - die mistiese eenwording met God noem.

Sodoende is in hoofstuk 2 dan aangedui hoedat hierdie pynlike proses 'n gebeure is wat mense van moment tot moment ervaar, wat geensins in 'n struktuur uiteenval nie. Mense kan hulle verlies só pynlik ervaar, dat die moontlikheid nie uitgesluit is dat hulle soms eerder sal regresseer. Dit impliseer egter nie dat dit verkeerd is om te rou nie. Om te rou oor die verlies wat gely is,

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

is mense se enigste manier waarop hulle hulle verlies kan verwerk. Rou is 'n normale menslike reaksie op verlies. Rou bied uitdagings aan die pastorant. Rou kan stimuleer tot groei, weg van die self na Jesus Christus toe. Rou kan verstaan word as 'n te bowe kom van die self deur midde-in verlies, lewe in oorvloed (Joh 10:10; 15:11; 20:31) te kan beleef. Weg van die teenwoordigheid van Jesus Christus is verlies vir Christengelowiges 'n sinlose gebeurtenis. Dit kan vir mense geborgenheid bied om binne die raamwerk van *die geloofsgemeenskap* te rou. Rou wat buite die ondersteuning van die *geloofsgemeenskap* geskied, is dikwels vir mense 'n alleen en eensaam pad. Wanneer 'n geloofsgemeenskap dit waag om te bely dat hulle glo in die *gemeenskap van gelowiges,* behoort hulle ook mekaar se laste te dra, deurdat hulle saam met en ter wille van die pastorant biddend in die gesprek met God voor gaan.

Daar is in hoofstuk 2 met Spiegel (1977:21) saamgestem dat 'n geloofsgemeenskap meer as enige ander "organisasie" betrokke is by verlies en gevolglike rou. So ook is erkenning gegee aan Lategan (1992:19) wat stel dat een van die grootste krisisse dikwels die gebrek aan 'n konkrete belewing van pastorale sorg tydens rousmart is, wat vir Edwards & Besseling (2001:63) dui op die betrokkenheid van die geloofsgemeenskap wat 'n belangrike rol speel in die daarstel van 'n sosiale struktuur waarbinne die pastorant kan rou.

In hoofstuk 3 is daar met Godsbeelde omgegaan, omdat die skrywer van mening is dat die wyse waarop God in verlies ver-beeld word, vir Christengelowiges hoopvol, bevrydend en gevolglik verrykend tuiskoms vanuit hulle hooploosheid kan bied. Die wyse waarop mense God ver-*beeld*, kan positief of negatief wees, afhangende van die gebeure wat op mense se lewens inwerk. Met 'n beeld van God as Vader, kan die pastorant, vanuit 'n positiewe ervaring van 'n aardse pa, die troue sorg van God as 'n werklikheid beleef. Verandering en/of verlies aan hierdie konteks/leefwêreld, kan lei tot 'n verandering in die beeld wat die pastorant van God het (kyk Hallewas 1989:124; vgl McFague 2001:9).

Voorts is in hoofstuk 3 is aangedui dat die ver-beeld-ing van God binne die konteks van 'n geloofsgemeenskap 'n besondere simboliese rol speel, aangesien Christengelowiges die teenwoordigheid van God op 'n wyse wil ervaar wat betekenis aan hulle verlies gee. Die geloofsgemeenskap is die Godgegunde ruimte van aanbidding waar die Heilige Gees werksaam is in al die lede. Dit is hier waar gelowiges geroep is om deur hulle geloofsgawes mekaar te dien (kyk 1 Kor 12; vgl Rom 12). Gelowiges is geroep om mekaar by te staan en te ondersteun en om te gee, wanneer ander weens hulle lyding hoop verloor het. Die geloofsgemeenskap behoort die lyding van Jesus Christus as hoopvolle en liefdevolle gebeure voor te leef aan mekaar. In Jesus Christus kan Christengelowiges verlies as 'n wins, as sinvol ervaar, ten spyte van die pynlike ervaring wat verlies meebring.

In hoofstuk 4 is gefokus op die biddende ondersteuning wat deur die geloofsgemeenskap aan die pastorant gebied kan word. Die voorbidding van die geloofsgemeenskap is verstaan as hulle "praat met God", waarin hulle hulle medemens in nood by die gesprek met God wil insluit. Hierdie pynlike ervaring wat mense ontmagtig, lei daartoe dat hulle soms nie maklik oor hulle storie van verlies kan praat nie. Hulle stories het soms doodgeloop. Waar hulle stories doodgeloop het en hulle begelei word om dit te hervertel, loop Christengelowiges vir God raak in hulle verlies. Daar is in hoofstuk 4 aangedui dat hierdie storie hervertel behoort te word in hulle soeke na hoop. Hoop is vir Christengelowiges die uiteindelike oorwinning oor die self. Wanneer hulle hulle storie van verlies en verloëning van die self kan vertel, begin hulle ook om die storie te vertel van die selfsuglose beeld wat mense van Jesus Christus het, wat sy eie lewe verloor het, ter wille van die wins van hoopvolle lewe vir ander.

Wanneer God metafories in verlies ver-beeld word, sou die pastorant kwalik kon afstand skep tussen hom- of haarself en die storie wat hy of sy oor die verlies te vertel het. Daar is in hoofstuk 4 aangedui hoedat dit vir die pastorant nodig sou wees om weer deur die storie van verlies te werk, sodat daar 'n onthegting aan

die verlies kan plaasvind. Die onthegtingsproses behoort te gebeur, sonder dat die pastorant daaroor skuldig voel, asof hy of sy "ontrou" aan die persoon of saak is wat verlies gely is. Daar is in hoofstuk 4 aangedui hoedat die metode van die narratiewe benadering vir die pastorant ondersteuning kan bied wanneer die storie van verlies vertel word. Die aandag is ook in hoofstuk 4 daarop gevestig dat die verwerking van rousmart vir die pastorant neerkom op *aanhegting* aan ander mense, die gemeenskap van gelowiges, die *communio sanctorum*. Die pastorant se storie van verlies sal dus 'n bewustelike oorvertel wees, sodat die ervaring van verlies uit die emosionele konteks gehaal word. Die pastorant kan ver-beeld-end op reis gaan, terwyl daar na nuwe horisonne van hoop midde-in hooploosheid gesoek word.

Daar is in hoofstuk 4.3.4 aangedui dat waar God bewustelik ver-beeld wanneer die storie van verlies hervertel word, rousmart vir mense 'n eskatologies-pneumatiese gebeure kan wees, waar vertroosting, genesing, verryking, bevryding, oorwinning en HOOP NÓÚ deur mense ervaar kan word. Daar is verder in hoofstuk 4 aangedui hoedat mense wat soek na bevryding uit hooploosheid, begelei kan word om hulle *lewensstorie* te vertel, om vanuit die seerkry en sukkelkant van hulle lewe, iewers by God hoopvol tuis kan kom. Die eskatologies-pneumatiese gebeure, soos in die Jesus-gebeure ver-beeld word, is in hierdie studie as emansipatoriese en verrykende gebeure verstaan, deurdat God se teenwoordigheid by mense hulle alreeds hier en nou bevry vanuit hulle hooploosheid. Mense ervaar God se teenwoordigheid as dié God wat altyd weer en altyd meer kan doen vir God se mense. Daar is gestel dat God se teenwoordigheid 'n *alreeds-hier-en-nou-bevryding* vir Christengelowiges te weeg kan bring.

Die pad wat die pastor met die pastorant deur die rousmart van verlies stap, is beskryf as 'n saam-soek na bevryding uit die hooploosheid van verlies. Op hierdie pad, wat vir Christengelowiges veral 'n pad saam met God is, behoort hulle onder andere te soek na wyses waarop die Godsbeelde van die pastorant

wat onbewustelik figureer, bewustelik gestel kan word. Sodoende kan die Godsbeelde wat eensydig in die rouproses funksioneer, nuut ver-beeld word ten einde hoop in Jesus Christus te bewerkstellig. Die pastor behoort veral bedag te wees op die wyse waarop daar met sy of haar eie verstaan van God en eie ver-*beeld*-ing van God omgegaan word. Die pastor se vooronderstellings oor God en hoe God in die lewe van mense teenwoordig is, kan die bemagtigingsproses tot hoop, in die wiele ry. Beide die pastor en pastorant is saam op reis na God (kyk Müller 2000:99). Hierdie reis behoort so ver-beeld-end saam met God beplan te word, dat die pastorant van sy of haar hooploosheid bevry kan word.

In die gesprek met God, midde-in " ... the genre of tragedy ... the sufferer is re-thinking his or her theology in order to make better sense of the all-too-real reality" (Allen 1995:21/22). In hierdie opmerking van Allen dui hy aan dat die pastorant in die gesprek met God, sy of haar storie met hoop kan vertel, selfs al gaan dit met lyding gepaard. 'n Gesprek met God dui op *iets beters* wat die pastorant kan sê midde-in 'n situasie van hooploosheid waarin daar nie werklik iets gesê kan word nie. Dít wat mense as die werklike realiteit ervaar, is dikwels *te goed om waar te wees* en gevolglik onrealisties. Die realiteit (hoop) wat mense poog om vir hulleself te skep, is dikwels 'n valse realiteit en loop uit op valse hoop.

Die pastor soek saam met mense in rou na moontlikhede om hulle los te maak van wat agter is en te strek na wat voor is (Fil 3:13). In die historiese kruis word die storie van die verlede in 'n hoopvolle toekoms ontsluit. In verlies lê die wins, in die verlede lê 'n nuwe toekoms wat NÓÚ ontsluit word, wanneer die beeld van die *eie ek* oorskadu word deur die beeld van God. God behoort op so 'n wyse ver-*beeld* te word, dat die eie ek daardeur getransendeer word en die teenwoordigheid van God in die lewe van mense in nood te manifesteer.

"Made in the image of God, humans are called to grow into that image more fully – to become 'like God', which for Christians means becoming like Christ, is

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

following Christ" (Mc Fague 2001:3). Christengelowiges is beeld-draers van God. Om soos Jesus Christus te wees, vra nie van die Christengelowige om die verlies en lyding waarin hulle verkeer, te ignoreer of te reduseer nie. Christengelowiges, soos trouens alle ander mense, se verlies wat hulle ly en die daarmee gepaardgaande pyn, is 'n werklikheid. Om soos Jesus Christus te wees, sou wees om ver-beeld-ing-ryk met God in gebed om te gaan (kyk Matt 6:5-15; 11:25-26; 26:36-46; 27:46). Ek het aangetoon dat dit vir mense in nood en verlies belangrik is om te weet dat God *oral, altyd* en *vir almal* daar is (kyk Mc Fague 2001:10) – ook waar verlies gebeur en verlies gely word. God is die anders magtige en anders teenwoordige wat telkens verrassend anders in die lewe van mense intree. Derhalwe sal die proses van bewuswording (sien hoofstuk 2.9), primêr 'n bewuswordingsproses ten opsigte van die alom- en altyd teenwoordigheid van die anders teenwoordige God wees (kyk NGB [Sondag 10]: Diensboek van die NHKA: 142).

McFague beskou die bewuswordingsproses as 'n *openheid teenoor*, 'n *aandag gee aan* en 'n *luister na* God. Om te sê dat God alom- en altyd teenwoordig is, is om te erken dat God 'n werklikheid is, ook midde-in die rousmart van verlies. Dit is " ... divine transcendence immanently experienced; it is the magnificence and awesomeness of God with us" (Mc Fague 2001:10). God se reeds teenwoordigheid in Jesus Christus en steeds teenwoordigheid deur die Heilige Gees, impliseer dat God werklik God is en vir altyd God met en vir mense is, ook en veral waar mense weens verlies ly en in hooploosheid verval. God se teenwoordigheid impliseer dat God "tuis is" wanneer God by God se mense is. In Jesus Christus is God teenwoordig waar God woon en woon God waar God teenwoordig is. Sodoende bring God se ver-beeld-ende inwoning, werklike hoop.

Om in die rouproses emansipatories bemagtig te word, sou dit gevolglik noodsaaklik wees dat mense nie langer sal dink dat God se alom- en anders-teenwoordige liefde ten doel het om hulle gerus te stel en om hulle spiritueel te

laat groei nie. God se teenwoordigheid wil mense omvorm om diensbaar 'n "alternatiewe wêreld" daar te stel (kyk Mc Fague 2001:11). Hierdie alternatiewe wêreld vra nie van mense 'n alternatiewe lewensstyl in die sin dat hulle in askese behoort te lewe nie. Nog minder vra dit na 'n bonatuurlike lewe. Die alternatiewe wêreld is om in en deur die teenwoordigheid van Jesus Christus, die wêreld met God bevrydend te ervaar as 'n hoopvolle werklikheid.

"I believe that we live and move and have our being in God, that we are not our own but belong to God. I also believe that we are not *on* our own; we live in God's world. We come from God and return to God and in the meantime, we are to live in the presence of God" (Mc Fague 2001:17). Om in die teenwoordigheid van God te leef, sou beteken om voor God, vir God en ter wille van (soos God dit wil), te leef, selfs daar waar mense verlies beleef het en hulle sinvolheid en hoopvolheid bedreig word. Derhalwe vra dit dat mense die ou, selfgesentreerde ankers sal uittrek en eie hooplose pogings sal laat vaar. 'n Hoopvolle lewe voor die aangesig van God, dui nie op die *ek* nie, maar hoe die ek, wat deur "Ek is ... " (Eks 3:14 en 20:2; kyk ook Joh 6:35, 41, 48, 51; 8:12; 9:5; 10:7, 9; 10:11, 14; 11:25; 14:6; 15:1, 5) bevry is, hoopvol kan leef in die teenwoordigheid van God. Om voor die aangesig van God te lewe, is om die teenwoordigheid van God in die leefwêreld van mense, hoopvol te ver-beeld.